## 6 Junie - ISRAEL

**Skrifgedeelte: Esegiël 17:1-24**
**Fokusgedeelte: Esegiël 17:22-24**

Waarin lê die sin van die lewe? Israel het in Babel op die ashoop van ballingskap geworstel met die sin van dinge. Waarom sou God dít met Israel laat gebeur?

By wyse van hierdie fabel word aan die volk verduidelik dat, hoewel Nebukadnesar al hierdie dinge gedoen het, dit God was wat hom gebruik het om sy wil uit te voer. Eens 'n magtige groot boom, met takke wat rusplek vir die voëls van die hemel gebied het – dit was hoe Israel eens was. Israel was eens 'n teken van krag en voorspoed.

Maar hierdie boom is uitgeruk, afgekap. Van 'n groot boom is 'n klein boompie gemaak. Israel moes verstaan dat dit God was wat handel. Een van die buurbome is egter deur God sterk en groot gemaak om sy wil uit te voer, sodat God se straf en oordeel oor Israel voltrek kon word. God het dit gedoen sodat al die ander bome in die veld, al die ander nasies, kan weet dat Hy die Here God is.

Israel leer deur hierdie fabel: Die mens wik, God beskik – oor alles en oor almal. Dit is die sin van die lewe!

Vir baie mense lê die sin van die lewe daarin om self sin aan 'n onverstaanbare wêreld te gee – om alles met die verstand te probeer verstaan. Hierdie gedeelte leer ons dat God aan alles sin gee, en uiteindelik bevestig Hy dit deur Christus wat sin in ons doellose bestaan bring.

Die evangelie van Christus leer vir ons: Dit is nie eers wanneer ons alles verstaan dat die lewe sin kry nie, maar wanneer ons alles wat ons nie verstaan nie, in die regte lig sien. In die lig van God se genade deur Christus kry ons lewens sin.

*Sing: Psalm 33:6 (1936-beryming)* *Dr SP van der Walt (Benoni)*